

Peter Venter  
Gereformeerde Kerk Trinitas Oggenddiens  
2017-06-25  
Hebreërs 8:1-13  
Fokus – vers 6

## **Christus is ons Middelaar van die beter verbond wat eis dat ons in gehoorsaamheid volhard in die geloof**

### **Inleiding:**

Ons stel vir onself 'n testament op. Op hierdie wyse word ons besittings bewaar vir wanneer ons die dag tot sterwe kom. Ons wil ons geliefdes in 'n beter posisie los sodat hulle nie swaarkry wanneer ons nie meer hier is nie.

In Hebr. 8 sien ons iets van die testament van Christus. Omdat ons deel het aan die verbond is ons erfgename van hierdie testament. 'n Testament tree in werking wanneer iemand tot sterwe kom. In Christus ontvang ons die troos in Sy testament dat ons deur Sy werk as Middelaar deel het aan Sy testament. Die woord "testament" word in Hebr. 8 gebruik as die woord "Verbond".

Die Here leer ons in Hebr. 8 dat

- Christus is ons Middelaar,
- Hy bedien 'n beter verbond
- Volhard gehoorsaam in die geloof.

### **Christus is ons Middelaar**

Ons lees nêrens in die boek Hebreërs wie die skrywer is van die boek of aan wie die boek geskryf is nie. Die naam verklap egter iets van die identiteit van die eerste hoorders. Hulle was in alle waarskynlikheid Christene wat duidelike kennis gehad het van die Ou Testament. Ons sien aanhalings uit die Ou Testament deurlopend in die boek.

In hoofstuk 13:3 lees ons dat die hoorders moet dink aan die gevangenes en die mense wat mishandel word. Hierdie gelowiges het dus ook vervolging ondergaan vir dit wat hulle glo. Hulle is selfs gekonfronteer deur vreemde dwalings. (13:9)

Die lesers het egter ook self verslap in hulle geloof en daarom dien die brief ook as 'n vermaning. Die skrywer vermaan die lesers en bemoedig hulle met die gedagte dat Christus die Middelaar is van 'n beter verbond wat hulle het en in wie hulle glo. Hierdie gelowiges het Christus geken en hulle was ook goed geleer in die Ou Testament soos wat ons kan sien in die verskeie aanhalings uit die Ou Testament. Die Heilige Gees het die skrywer ook so geïnspireer om vir die eerste lesers te skryf hoe besonders Christus se werk is.

Die skrywer beskryf Christus se besonderse werk in Sy rol as Middelaar. Christus tree op as ons Middelaar tussen ons en God. Vir die kinders – 'n middelaar is iemand wat namens ons optree. 'n Middelaar werk amper soos 'n prokureur wat ons verdedig en namens ons praat. 'n Middelaar is ook iemand wat 'n waarborg is – Hy tree in wanneer jy self nie die eise kan nakom nie.

Die doel van die middelaar is om vrede en versoening te bewerk tussen die twee partye wat betrokke is. Christus het opgetree as die Middelaar tussen ons en God, sodat ons volkome versoen en in vrede by God kan leef.

So ook tree Christus as Middelaar op as 'n manier om met God te kommunikeer. Die Middelaar is altyd 'n koppeling tussen twee partye.

In die ou verbond was Moses die middelaar of tussenganger van die verbond gewees. Hy was die middelaar tussen God en die volk. Die hoëpriester het ook as middelaar opgetree.

In vers 1 lees ons reeds dat Christus die hoëpriester is. In die voorafgaande hoofstuk van Hebreërs, lees ons van die priesterorde van Melgisedek. Melgisedek word ook genoem in Gen. 14 waar ons lees dat hy die koning van Salem was en die hoëpriester van die allerhoogste God. Daarmee saam ook in Ps. 110 waar die gedagte van priesterskap sterk beklemtoon word.

Die doel van die hoëpriester was om toesig te hou oor die manier wat die offers gebring is. Hy was die leier van die Leviete gewees. Die belangrikste taak van die hoëpriester was om een keer per jaar in die allerheiligste in te gaan om die bloed van die offerlam te besprinkel op die genadetroon van die ark van die verbond om versoening te bewerk.

Soos Moses was die levitiese hoëpriester net tydelik gewees omdat hy ook 'n mens was. Christus is egter 'n volmaakte Middelaar omdat Hy nie tydelik of sterflik is nie. Daarom skryf die Hebreërs skrywer in die teenwoordige tyd – hiermee bely die skrywer dat Christus se werk as Middelaar nie ophou nie, maar steeds van krag is. So ook is Christus se bediening van die beter verbond steeds waar.

### **Christus bedien 'n beter verbond**

Die woord wat gebruik word vir “bediening” in vers 6 dui op die werke wat verrig word in die tempel of die allerheiligste. Christus dien dus dieselfde take in die hemel soos wat die hoëpriester die offers gebring het vir die volk in die tabernakel. Die bediening van die ou verbond is 'n vooruitskouing op die volmaakte werk van Christus se bediening in die nuwe verbond. Die bediening waarna vers 6 verwys dui op die werke wat iemand namens 'n groep doen, omdat hulle dit nie self kan doen nie. Die woord beteken om verligting te gee aan die wat werklik nood het. Hierdie bediening is 'n liefdeshandeling en daarom kan ons God se genade so duidelik sien in hierdie bediening van Christus. Christus bedien dus die nuwe verbond, want ons is nie in staat nie.

'n Verbond is 'n ooreenkoms tussen twee partye waarvan die een ondergeskik is aan die ander en geensins die vereistes van die kan nakom nie. Die mens is die ondergeskikte party omdat ons geensins die vereistes van God se verbond kan nakom nie.

Die woord wat in Hebr. 8 gebruik word vir “verbond” is 'n regsterm wat te make het met die erflating wat 'n persoon ontvang. In spesifiek verwys die verbond na die wyse waarop op God in verhouding tree met Sy kinders. Eenvoudig gestel is die nuwe verbond God se testament waarin ons erfdeel is. In die Bybelse konteks streek die term “verbond” veel wyer as net 'n wetlike ooreenkoms. God neem aktief deel in die

ooreenkoms en is die enigste partye wat Sy gedeelte van die ooreenkoms kan nakom. God is steeds getrou aan Sy deel van die verbond.

In Hebreërs 8 lees ons van die nuwe, voortrefliker en beter verbond wat Christus bedien. Die gevaar is dus daar om die verskeie verbonde te sien as 'n nuwe begin. Ons mag dalk sê dat God 'n splinternuwe begin maak omdat die vorige verbond nie gewerk het nie of dalk omdat die mens weereens gefaal het.

Dit is egter nie die geval nie. Die fout het nooit by die verbond gelê nie. Die mens het telkens die verbond gebreek deur nie die eise van die verbond na te kom nie. Nogtans sluit God nie elke keer 'n splinternuwe verbond nie.

Elke keer wat God 'n verbond sluit, bou die verbond voort op die voorafgaande. Daar loop 'n deurlopende goue draad deur die verbond om uiteindelik by die hoogtepunt te kom wat Jesus Christus vervul het.

In vers 13 lees ons van die *nuwe verbond*. Die woord wat hier gebruik word vir nuut beteken nie dat dit 'n splinternuwe begin is wat uit niks uit kom nie. Dit beteken om te herstel. Die verbond wat reeds daar is, word herstel en reggemaak.

Die herstel van die verbond word vir ons duidelik gemaak wanneer ons in Hebreërs 8 lees van die werke wat Christus gedoen het as Hoëpriester en as Middelaar.

Die bloed van Christus van maak die verbond nuut en beter omdat dit nie soos die bloed van diere, tydelik is nie, maar ewig. Deur die bloed van Christus is die verbond nuut en daarom ook beter. Hy het die ou verbond vervul en daarom geld die nuwe verbond.

Ons kan deurlopend sien in Jesus se tyd op aarde op watter wyse Hy die verbond nagekom het. Hy is op die 8ste dag besny soos wat ons lees in Luk. 2:21-24 en die gepaste offer is ook gebring om Jesus en sy ma weer rein te verklaar. Jesus het dus die teken van die ou verbond gedra soos wat al die ander Joodse seuns ook gedra het. Christus is dus groter as die wet. Ons soek daarom nie ons verlossing in die wet nie, maar in Christus. Die wet wys vir ons nou op ons geregtigheid in Christus – nie

saligheid op grond van wetsonderhouding nie. Daarom is ons nou deel van die nuwe, beter verbond waarvan Christus die Middelaar is.

Omdat die skrywer aan gelowiges geskryf het wat die Ou Testament geken het, gebruik hy dikwels aanhalings uit die Ou Testament. Hier in hoofstuk 8 kry ons 'n aanhaling uit Jer. 31. Die aanhaling van die nuwe verbond verwys na die wet wat God op ons harte sal skryf. Wanneer God sê dat die wet op ons harte geskryf word – staan daar letterlik dat die wet op ons harte permanent gegraveer sal word. Ons hoef nie die wet te vrees nie, want die prys is betaal vir al ons oortredings van die wet deur die offerlam wat nie tydelik is nie, maar ewig geldig is.

Sondag 2 van die Heidelbergse kategismus beskryf die wet as die middel waarin ons ons ellende ken. Die wet dien dus as 'n instrument vir ons om te sien hoe ons nie die ou verbond kon nakom nie. Ons het skuldig gestaan deur die wet. Op grond hiervan het Christus Sy werk as Middelaar nagekom soos wat ons lees in Hebr. 9:15: *“En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang”*

Dit beteken nie dat die wet ongeldig is nie. Gal. 3:19 beskryf vir ons die doel van die wet. *Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar.*

Die wet is dus 'n heenwyser na Christus. Die wet herinner ons dat ons sondig is, maar nog meer as dit – dat Christus ons vry sal maak van die wet deur Sy werk as Middelaar.

Die nuwe verbond is wettelik gegrond op beter beloftes. Hierdie beloftes beteken dat dit wettelik gewaarborg is. Dit is nie beloftes wat op leuens kan uitloop nie. Hierdie beloftes is vas en seker in Christus wat ons waarborg is. Die beter beloftes word as gesaghebbend vasgemaak deur Christus wat as die hoogste gesag hierdie beloftes wetlik instel.

Hierdie beloftes is 'n sekerheid waaraan ons kan vashou wat vir ons duidelik ook uitgewys word in verse 8-12 waar Jer. 31 aangehaal word.

Die konteks van die aanhaling van Jer. 31 gaan saam met God se beloftes. Ons wag nie net op hierdie beloftes om waar te word nie. Die beloftes is reeds van krag, want Christus het die verbond nagekom. Daarom word die teenwoordige tyd gebruik om duidelik te sê dat God se beloftes steeds van krag is en so ook die verbond.

Christus het gekom en is die volmaakte offerlam gewees sodat die offersisteem vervul kan word. Christus was self beide die hoëpriester en die offerlam gewees. Daarom het ons nie meer 'n aardse hoëpriester wat namens ons intree by God nie, maar Christus tree as hoëpriester, nee as hoogste-priester vir ons in by God in die hemel; want Hy sit aan die regterhand van die troon. Deur Christus se werk as hoëpriester, kan ons enige tyd tog tot God bid en in Sy teenwoordigheid staan, nie net een maal per jaar deur die werking van iemand anders nie.

God maak dus nie nuwe beloftes nie, maar Christus as Middelaar en bedienaar van die nuwe verbond laat hierdie beloftes vir ons in werking tree.

Verse 3 en 4 beskryf duidelik die rol van die priester in die ou verbond. Hierin word beklemtoon hoe volmaak die rol van Christus is in die bediening van die nuwe verbond. Hy is nie sterflik en verganklik soos die aardse priesters nie. Hy leef ewig in die hemelse woonplek en bedien die nuwe verbond.

Daarom kan ons Christus se werk as bedienaar en middelaar sien as die rede hoekom die verbond beter is. Sy bloed wat gevloei het, is voldoende. Hy is die volmaakte offer en volmaakte Middelaar.

Die bloed van Christus is voldoende om volkome versoening te bewerk tussen ons en God in die nuwe verbond. Op hierdie punt word die eerste lesers dus duidelik bewus gemaak dat die offersisteem van die ou verbond nie meer nodig is nie, maar dat Christus beter is. Sy bloed is voldoende.

Met "beter" sê ons nie dat die ou verbond sleg was nie. Weens die gebrokenheid van die mens was die ou verbond nie voldoende nie. Die fout het gelê by die mens omdat

ons of die middelaar van die ou verbond nie die verbond kon nakom nie. Daar was dus 'n nood aan 'n beter verbond en hierdie verbond word juis in en deur Jesus Christus as hoëpriester en Middelaar bedien.

### **Volhard gehoorsaam in die geloof**

Ons verstaan nou die betekenis van Christus se werk as Middelaar en ook Sy bediening van die wonderlike nuwe genade verbond van God. Wat moet ons as gelowiges, wat deel het aan hierdie erflating van die nuwe verbond, doen as teken van ons dankbaarheid?

Volhard gehoorsaam in die geloof.

Ons volhard nie in die geloof omdat dit die wyse is waarop ons verlos word nie, maar om ons dankbaarheid te bewys vir Christus wat ons verlos het. Hierdie geloof en dankbaarheid word opgewek in ons deur die werking van die Heilige Gees.

Deur ons geloof bevestig ons dat die ou verbond vervul is in en deur Christus. Sy werk as Middelaar is voldoende om ons vry te maak van die ou verbond. Ons het deel aan die nuwe verbond en ons doop is die teken wat ons daarvan dra. Ons word saam met die eerste lesers vermaan om nie slap te raak in die geloof nie.

Wanneer ons nie glo nie, eer ons nie Christus vir die werk wat Hy vir ons doen nie. Deur ons geloof prys ons Christus vir Sy werk as Middelaar wat die rede is dat ons tot God kan nader. Ons moet dus bid dat ons geloof daagliks versterk sal word sodat ons die beloftes van die verbond kan erken.

So ook moet ons die beloftes wat ons maat teenoor God, ook met ywer nakom. Ons sien ook vandag in die erediens hoe Hardus en Talitha die belofte maak dat hulle vir Lente sal onderrig en te laat onderrig sodat sy ook die Here beter kan leer ken. So ook die ouderlinge en diakens wat belof dat hulle diensbaar in die gemeente sal wees sodat hulle die kerk kan versorg soos wat die Woord ook van hulle vereis. Die beloftes geld nie net vir vandag nie, maar sal volkome wees as Christus terugkom. Bid daarom geduldig dat die Heilige Gees ons daagliks so sal versterk dat ons gehoorsaam sal wees aan God se eise totdat ons die ewige lewe ontvang.

Hierdie gehoorsaamheid beteken dat ons in ons daaglikse lewe sal leef as mense wat deelagtig is in die nuwe verbond. Ons kom die wet na deur ons liefde vir God en ons liefde vir ons naaste uit te leef. Dit beteken dat ek vrede by die werk en in my huwelik sal soek. Ek sal stry teen die sonde omdat die waarde van my erfdeel in Christus vir my so hoog is.

**Slot:**

Kom ons vat saam.

Christus het vir ons die bedienaar van 'n nuwe verbond geword. Hy het die ou verbond volkome namens ons nagekom. Sy werk as Middelaar is volmaak en genoegsaam om ons vry te maak van die ou verbond.

Die verbond wat Hy nou bedien is nuut en beter daarom eis God nie meer offers van die bloed van diere nie. Hy eis gehoorsaamheid wat ons moet nakom deur die geloof wat die Heilige Gees in die harte van God se uitverkorenes opwek.

Ons sien uit na die koms van Christus sodat ons ook volkome deel kan hê in Sy woonplek in die hemel. Dit word vir ons gewaarborg in Hebr. 9:28 – *“so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.”*